

VERSTAAN HUL BREIN

Hoe sal jy ooit weet of jy die regte ouerskapstyl toepas as jy nie weet deur watter bril jou kind na die wêreld kyk nie? Genetiese breinprofielontleding kan jou hiermee help

Deur MARETHA BOTES

Miskien het jy al gewens jy kan 'n towerstaf swaai en siedaar, jy verstaan jou kind beter. Niks is egter só eenvoudig nie, veral nie as dit by kind grootmaak kom nie. Maar hoewel geen kind met 'n handleiding kom nie, is daar wel fantastiese gereedskap wat ouers kan inspan om hulle te help om kinders groot te maak.

Iets soos genetiese breinprofielontleding gee jou 'n besonderse blik op jou kinders se persoonlikheid en hul sterk en swak punte. Boonop kan dit beslis ook tot beter gesinsdinamika bydra, meen kenners. As jy verstaan hoe jou kinders die wêreld sien,

sal jy ook verstaan dat soms irriterende gedrag nie stout is nie, maar deel van jou kinders se unieke persoonlikheid is. Jy sal hulle kan help om hul positiewe punte tot hul voordeel te gebruik en hul negatiewe punte te ontwikkel en verbeter.

Luise Spangenberg is 'n breinprofielleerder van Eduprofile in Bloemfontein. Sy stem saam dat breinprofielontleding jou ouerskapstyl positief kan beïnvloed. "Sodra 'n mens verstaan hoekom jou gesinslede op 'n sekere manier optree, kan jy jou reëls aanpas om almal tegemoet te kom. Dan kan 'n mens hulle makliker aanvaar soos hulle is in plaas van om te probeer om hulle te verander," sê sy.

'n Genetiese breinprofielontleding identifiseer jou dominante breinhemisfeer, hand, voet, oog, en oor. Hierdie dominansies is deel van jou DNS. Net soos jou DNS bepaal of jy blou of bruin oë het, bepaal dit of jy linker- of regterhanddominant is. Daarom word dit 'n genetiese breinprofiel genoem en daardie profiel word reeds tydens bevrugting vasgelê. Anders as die meeste ander persoonlikheidstoetse, bly jou genetiese breinprofiel konstant dwarsdeur jou lewe en word nie deur eksterne faktore beïnvloed nie.

'n Breinprofielontleding het ook 'n baie positiewe uitwerking op die ouers se verhouding.



Luise verduidelik: “Waar jy vantevore sou dink die ander persoon is aspris en probeer jou kwaad maak of irriteer, besef jy ná ’n breinprofielontleding presies hoekom die persoon só optree. Albei partye het aspekte wat die ander een pla en baie maal besef hulle dit nie eens nie. Met bewusmaking kan ’n kompromie maklik bereik word. Dieselfde geld vir die kinders. As almal bewus is van mekaar se persoonlikheidstrekke kan minder gewenste aspekte hanteer word en die gesin saam beter as ’n eenheid funksioneer.

“Dit kan konflik doeltreffend oplos en bakleiery tussen kinders gou ontloot. Die sleutel is in bewustheid, aanvaarding en kompromie.”

Dit is ook van onskatbare waarde om jou tiener se breinprofiel te verstaan, want in hierdie tyd sit ouers en kinders gereed was.

Luise sê: “Jy sal verstaan hoekom jou tiener reageer soos wat hy of sy reageer en jy sal hom of haar beter kan help om deur die diep waters van puberteit te navigeer. Dit is natuurlik ook die tyd wanneer jou kind vakeuses en beroepskeuses moet maak en sy of haar genetiese breinprofiel sal die beste opsies vir jou kind aandui.”

Luise het eerstehandse ervaring van hoe genetiese breinprofiel ’n mens se saamwees as gesin kan beïnvloed. Sy vertel: “My en my man se profiele is baie dieselfde. Al wat verskil, is ons breinhemisfeer – hy is ’n introvert waar ek ’n ekstrovert is. Ons is albei perfeksioniste, maar op verskillende maniere. Ek het besef dat sy manier van doen nie verkeerd is nie, net anders as myne. As die uitkoms reg is, maak die metode nie saak nie.

“Hy het baie struktuur en roetine nodig om gemaklik en veilig te voel, terwyl ek vinnig verveeld raak met struktuur. Al kom dit nie natuurlik vir my nie, moet ek meer gestruktureerd wees sodat hy nie voel dat die huishouding in konstante chaos is nie.

“Hy moet my weer tegemoet kom deur minder struktuur en orde te ver wag as wat vir hom werk. Ons baklei selde omdat ons albei die ander persoon uitlos wanneer ons sien daardie persoon ervaar stres. Ons gesels oor dinge wat ons pla wanneer ons rustig en kalm is en nie in die hitte van die oomblik nie.

“Ons het twee kinders, ’n seuntjie van vier en ’n dogtertjie van twee. My seuntjie is

anders as ek en my man omdat ons graag erkenning wil hóór, terwyl hy dit wil sien. Dit beteken dat as ek heeltyd vir hom vertel hoe trots ek op hom is, dit nie ’n impak op hom het nie, maar drukkie, *high fives* en glimlagte dra vir hom die boodskap oor dat hy goed doen. Disiplinegewys help dit nie regtig om met hom te raas nie, want dit pla hom nie as ek skree nie. Wat vir hom ’n impak het, is ’n kwaai kyk, maar dit is steeds ’n moeilike balans om te handhaaf. As ek vir hom iets belangriks wil sê, moet ek met ’n neutrale gesig en houding met hom gesels sodat hy nie stres en weer eens niks hoor wat ek sê nie.

’n Mens se breinprofiel verander nooit. Die profiel waarmee jy gebore is, is die een wat jy vir die res van jou lewe sal hê

WAT KAN EK OOR MY KIND LEER?

Dit kan baie moeilik wees om te verstaan hoekom ander mense anders optree in dieselfde situasie en net so probeer ons ons kinders leer om op te tree soos ons – want dit is “normaal”. Luise verduidelik dat deur breinprofiel ’n mens duidelik kan sien hoe ander se onbewuste voorkeure van jou eie verskil en hulle daarom anders optree. Kinders wat byvoorbeeld kort-kort dieselfde vraag herhaal (Hoe laat kom Mamma my by die skool opklaai?) doen dit nie om aspris te wees nie, maar omdat hulle ’n dominante linkerbrein het wat veilig voel wanneer hulle weet wat aangaan. “Kinders herhaal die vraag omdat hulle net wil seker maak dat niks nog verander het nie of, as dit wel verander het, hulle hulself daarop kan voorberei,” sê Luise.

IEEMAND WAT LINKERBREIN-DOMINANT IS, SE PROFIEL LYK MOONTLIK SO:

- Baie gestruktureerd
- Hou van roetine
- Beplan vooruit
- Hou nie van onsekerheid nie
- Moet weet wat, wie, wanneer, hoekom en hoe
- Hou nie van verandering nie
- Het ’n natuurlike aanleg vir administratiewe take

“Ek moet ook nie lang verduidelikings vir hom gee nie, omdat hy bloot ophou luister as gevolg van sy regteroor (dominante oor). Ek moet kort en kragtige instruksies vir hom gee en hy moet antwoord dat hy my wel gehoor het.

“My dogtertjie is nog bietjie klein, maar dit is duidelik dat sy ’n regteroor en linker-oor het, soos ek en my man. Vir haar is verbale aanmoediging belangrik, anders as vir my seuntjie. Vir haar moet ek versigtig wees om te hard te praat sodat sy nie skrik en niks hoor wat ek sê nie. Vir haar is dit baie belangrik hoe ek praat en nie noodwendig wat ek sê nie.”

’n Breinprofiel identifiseer ’n persoon se ...

- onbewuste voorkeure, soos om met roetine te floreer of om van uitdagings te hou;
- natuurlike talente, soos wiskundige aanleg, hand-oog-koördinasie en musikaliteit;
- maontlike akademiese struikelblokke soos letter- en syferomkerings, hiperaktiwiteit en aandagafleibaarheid;
- verhoudingsbehoefte soos om liefde en aanvaarding van ouers en vriende te hoor of eerder om dit te sien;
- manier om stres te hanteer en wat vir daardie persoon stres sal veroorsaak.

’n Mens se breinprofiel verander nooit. Die profiel waarmee jy gebore is, is die een wat jy vir die res van jou lewe sal hê. ’n Profiel kan al van drie jaar oud af uitgevoer word.

IEEMAND WAT REGTERBREIN-DOMINANT IS, SE PROFIEL LYK MOONTLIK SO:

- Kreatief
- Laterale denke
- Geniet uitdagings
- Verloor belangstelling sodra iets voorspelbaar word
- Sukkel om take te voltooi
- Benodig van kleins af streng riglyne om take te voltooi

Gaan na www.eduprofile.co.za vir meer inligting!